GROEIGROEP MATERIAAL

10de Maand

ToekomsVenster van Vreugde

Opening

As jy dink aan “vreugde” wat is die eerste gedagte wat by jou opkom? Wat is ‘n ander woord vir vreugde?

_____

_____

KOM ONS BEGIN

Ons het die kwartaal 7 Toekomsvensters van vreugdevolle Rentmeesterskap hanteer. Terugskouend op die 10de Maand Dankfees, gesels oor elke toekomsvenster en wat vir jou in die besonder uitgestaan het:

1. 'n ToekomsVenster van dankbaarheid
2. 'n ToekomsVenster van God se Woord
3. 'n ToekomsVenster van barmhartigheid
4. 'n ToekomsVenster wat ruim is
5. 'n ToekomsVenster van gebed
6. 'n ToekomsVenster van vergifnis
7. 'n ToekomsVenster van vreugde

_____

_____

Gesels nou in diepte oor de volgende stelling:
“Soveel mense is sonder lewensvreugde omdat hulle net lewensgenot soek” – Marcus Sirius

_____

_____

KOM ONS LEES

2 Korintiërs 4:16-18

INHOUD & GESPREK

Wat staan vir jou uit in die gedeelte?

_____
_____

Wat is die verskil tussen vreugde en genot?

_____
_____

Hoekom is dit moeilik vir ons vandag om met vreugde te leef? Wat maak dit moeilik?

_____

_____

Wat is die oplossing vir ons vandag om lewensvreugde te kry?

_____

_____

UIT SONDAG SE EREDIENS:

Uit sondag se erediens is 'n paar stellings gemaak. Gesels oor elkeen van hulle:

"Ons is halfhartige skepsels wat rondspeel met drank
en seks en ambisie vir godsdienstige pogings,
terwyl eindelose vreugde ons aangebied word.
Ons is soos oningeligte kinders wat wil voortgaan
om in 'n krotbuurt modderkoekies te bak,
omdat hulle hulle nie kan voorstel wat die aanbod
van 'n vakansie by die see beteken nie.
Ons word veels te maklik tevrede gestel." - CS LEWIS

"Life need not be easy to be joyful.
Joy is not the absence of trouble
but the presence of Christ" - William van der Hoven

“Daar is geen groter troos of vreugde nie
as in die sekerheid dat jy midde-in jou nood
omsluit word deur die liefde van God” - Johannes Calvyn

“Die lewe is ‘n roos; ruik dit,
geniet dit en gee dit aan vir vriende” – onbekend

_____

_____

Sluit as groep af met die volgende teks en deel met mekaar wat dit is om ‘n vreugdevolle rentmeester te wees?
“Die Here jou God is by jou,
Hy, die krygsman wat red.
Hy is vol vreugde oor jou,
Hy is stil-tevrede in sy liefde.
Hy jubel en juig oor jou...” - Sefanja 3:17

Amen